# Kies altyd die ervaring

Geoktrooieerde rekenmeester Gugu Dingaan, wat uit 'n lang lyn van sterk vroue kom, het in 2009 die Bestuursontwikkelingsprogram by USB Bestuursontwikkeling (USB-BO) gedoen "om in 'n holistiese individu te ontwikkel". **AMANDA MATTHEE** het met haar gesels.

Gugu Dingaan

**Moet nooit geld** najaag nie. Kies altyd die ervaring en die res kom vanself.

Dít is volgens Gugu Dingaan die beste loopbaanadvies wat sy nog ooit ontvang het. Sy is 'n beleggingsbestuurder by WIPCAPITAL (Edms) Bpk – 'n beleggings- en bedryfsmaatskappy wat deur swart vroue besit en bestuur word, en wat in Houghton, Johannesburg, gebaseer is.

'n Beter lewe vir haar gesin – dít is wat haar motiveer. Sy hou van haar werk omdat daar nooit twee dae ná mekaar is wat ooit dieselfde verloop nie. As sy nie beleggingsvoorstelle hersien nie, struktureer sy portefeuljes, doen evaluerings, onderhandel oor transaksies of bestuur verhoudings met belanghebbers.

"Ek hou van my werk omdat dit soveel fasette en uitdagings bied. Ek hou daarvan om te sien dat 'n transaksie uitwerk en om wedersyds voordelige verhoudings tussen my maatskappy en die beleggingsontvanger te vestig. Dit verskaf aan my groot genoegdoening om transaksies te sluit wat billik is teenoor alle partye."

Die ergste deel van haar werk is egter "wanneer 'n goeie transaksie platval omdat die banke nie die befondsing wil verskaf nie".

Verskeie mense het gehelp om Gugu se lewe fyn te slyp. Maar haar ma is die een wat die meeste uitstaan.

"My ma het baie hard gewerk om ons te ondersteun. Sy is werklik 'n sterk vrou. Ek het nie destyds geweet dat ons nie baie gehad het teenoor ander gesinne nie omdat sy ons altyd laat voel het ons het genoeg. Ek is vir haar lief oor haar sterk karakter en persoonlikheid. Sy trek mense na haar toe aan. Ek dink dit is ook haar gulhartigheid en haar vermoë om altyd mense in die gemeenskap te help. Ek kan sê dat sy die vermoë het om dinge te laat gebeur, ongeag die omstandighede. Dit is waarvan ek hou. Jy kan altyd op haar staat maak."

Vra 'n mens vir Gugu watter talente sy self na die korporatiewe tafel toe bring, sê sy: "Integriteit in my optrede teenoor ander, analitiese vermoëns en aandag aan detail."

Dit kom voor asof die spreekwoord – een keer 'n student, altyd 'n student – op Gugu van toepassing is. "Dit is belangrik om jou kwalifikasies uit te bou en om kursusse te doen wat jou in jou werk sal help én wat jou in 'n holistiese individu sal ontwikkel."

Sy het ná matriek BCom Rekeningkunde aan die Universiteit van Natal (nou die Universiteit van KwaZulu-Natal) gestudeer. Dit is gevolg deur 'n Nagraadse Diploma in Rekeningkunde ook by die Universiteit van Natal. Daarna het sy as leerlingklerk by PricewaterhouseCoopers gewerk

Gugu ontvang haar Bestuursontwikkelings-kwalifikasie

voordat sy in 2001 as geoktrooieerde rekenmeester gekwalifiseer het.

Waarom het sy 'n bestuursontwikkelingsprogram gedoen as sy reeds 'n suksesvolle loopbaan gevestig het, voltyds werk en na 'n gesin omsien?

"Ek wou myself van my eweknieë onderskei," sê Gugu. "Ek wou my sfeer van kennis en blootstelling verder as finansies uitbou. Ek wou myself ook toerus met die vaardighede om op strategiese vlak te kan optree." Sy sê USB-BO se Bestuursontwikkelingsprogram het haar ook "meer bewus gemaak van wie ek as persoon is". Sy het ook waardevolle netwerke onder haar klasmaats opgebou, en sy sonder Leierskapbestuur en Stelselsdenke as haar gunstelingvakke uit.

Sy beklemtoon weer eens ervaring as een van die beste maniere om te leer. "Ek wou leer uit die diverse ervarings van my klasmaats omdat hulle vir seker aansienlik meer ondervinding op leierskapvlak as ek gehad het. Dit was uiters waardevol om praktiese ervaring met ander in my klas te kon deel." a

'Dit is belangrik om jou kwalifikasies uit te bou en om kursusse te doen wat jou in jou werk sal help én wat jou in 'n holistiese individu sal ontwikkel.'

## MEER OOR **GUGU**

- **Waar het sy groot geword?**
  Gugu is aan die suidkus van KwaZulu-Natal gebore en het op Esikhawini groot geword. Sy was op skool in die Sacred Heart Secondary School, wat ook as die Oakford Meisieskool bekend gestaan het en wat deur die Dominikaanse nonne bestuur is.
- **Gesinslewe?**
  Gugu en haar man het 'n seun. Hulle woon in Johannesburg.
- **Watter advies sal sy aan iemand aan die begin van 'n loopbaan gee?**
  "Doen navorsing oor jou loopbaanpad en praat met mense wat vóór jou hierdie pad gestap het. Jy het 'n 'groter suster of broer', soos 'n mentor, nodig om as jou klankbord te dien en te sorg dat jy jou gesonde verstand gebruik."
- **Wat sal sy doen as sy R50 000 in iemand anders kon belê?**
  "Sit 'n verdienstelike kind deur universiteit."
- **Wat sal sy doen as sy R50 000 in 'n nuwe onderneming kon belê?**
  "Kyk, daar is nie baie wat jy vandag met R50 000 kan doen nie. Maar ek dink ek sal dit gebruik as aanvangskapitaal om 'n instandhoudings- of dienstemaatskappy te stig. Ek sal al die kontakte wat ek vir loodgieters, bouers en elektrisiëns het, konsolideer en 'n maatskappy skep met hierdie ouens as mede-eienaars. Ek sal al hul eenmansondernemings in 'n ernstige maatskappy saamvoeg."
- **Watter leierseienskappe bewonder sy?**
  "'n Leier moet die vermoë hê om passie aan te wakker in die mense wat sy lei. Sy moet só lei dat hulle haar wil volg. Ook nederigheid en integriteit."
- **Wat sit haar af in mense?**
  "Ek hou nie van verwaande of tweegesigmense nie. Ek glo mense moet net wees wie hulle is en nie voorgee om iemand anders te wees net om gesig te koop nie."
- **Haar drome?**
  "Om opgang te maak en 'n leierskapposisie te beklee wat 'n positiewe impak op besigheid sal hê." En ook "om genoeg geld te maak sodat ek jonk kan aftree en tyd saam met my kinders kan spandeer en liefdadigheidswerk kan doen!"
- **Watter boek lees sy tans?**
  The winner stands alone deur Paulo Coelho.
- **Wat maak haar gelukkig?**
  "'n Groot druk en soen van my seun!"